

# Húlle is duiwel se trawante, sê leraar

**KAAPSTAD: Kerksake-verslaggewer**



DR. ZEEMAN

**SKRYWERS en digters soos Etienne Leroux, Breyten Breytenbach en André P. Brink is 'n nuwe geslag van neo-barbariste in die letterkunde, skryf dr. M. T. S. Zeeman, NG predikant van Pretoria, in sy boek oor die duiwel en sy trawante wat pas verskyn het. Dr. Zeeman was voorheen van die NG gemeente Berg-en-Dal in Bloemfontein.**



ETIENNE LEROUX

Benewens die skrywers en 'n sanger soos David Kramer, kom dr. Zeeman ook alle rassiste, uitbuiters en Marxiste by.

## Misbruik

Hy sê Leroux misbruik sy uitmuntende talent "in diens van die Dier uit die Aarde" wat 'n vyand van Christus en 'n medewerker van die Antichris is.

Leroux is tegelyk ook predikant met as teks vir elke boek: Die lewe is absurd, 'n tragikomedie sonder sin en betekenis.

## Hieroor

Leroux het van sy plaas buite Koffiefontein gesê: "Die dominee is blykbaar 'n ekspert oor die Antichris, maar oor die letterkunde en die kuns blykbaar 'n leek. Dit is onkunde wat maak dat hy dié dinge sê.

"Ek is baie geïntresseerd in Satan, maar ek is darem nie sy trawant nie."

In van sy werke ("Ek kan nie onthou watter een nie, want ek lees nie my boeke nie") konfronteer hy die Satan. "Ek het gewonder of is die bose nie 'n positiewe mag nie."


## Tegniek

"Maar ek is nie 'n filosoof nie, wel 'n romanskrywer. Die absurde is net 'n tegniek wat die skrywer gebruik en nie alles wat die dominee daarin lees nie."

Dr. Zeeman sê deur verskillende kunsvorme en die nuusmedia te gebruik, beïnvloed die Satan die groot publiek — sonder dat hulle daarvan bewus is — en maak hulle ryp vir die diens van die Antichris.

## Picasso

Hy begin by Pablo Picasso. Die skilder streef nie na skoon-



BREYTEN BREYTENBACH

heid nie, maar na sy waarheid: dat die wêreld absurd en sonder betekenis is. Dit bevorder die revolusionêre afbreek van alles wat in die Weste as waardevol beskou word.

Ook die Afrikaanse letterkunde is die dinge nie gespaar nie.

## Onse Vader

Woordkuns word gebruik om gedagtes te propageer wat on- en selfs antichristelik is. Breyten Breytenbach is 'n tipiese voorbeeld, sê dr. Zeeman, en haal uit sy parodie op *Die Onse Vader* aan.

Oor Leroux se *Onse Hymie* sê hy dit be-



ANDRE P. BRINK

wys weer dat die skrywer inderdaad 'n predikant, maar sonder 'n Christelike boodskap, is. Wie op die hoogte is van die filosofiese agtergrond van sy werke, begryp goed hoe Leroux sy talent in diens van die Satan gebruik.

## Seksuele

Vir die seksuele is daar in hierdie soort kuns 'n abnormale, sieklike aandag. "Met heidense onbeskaamdheid word die paringsdaad uitgebeeld en die onderskeid tussen goed en kwaad ondermyn."

"Ons het hier te doen met 'n neo-barbarisme in die letterkunde. . ."

## 'Bakgat'

Oor die Antichris se gebruik van musiek sê dr. Zeeman plate waarop Satan besing word, is vrylik in die land beskikbaar. In die gewilde plaat *Bakgat* (van David Kramer) word die Here se naam ydellik gebruik.

Ook volksliefde is nie onaangeraak gelaat nie. Satan het dit reg gekry om sommige mense met 'n onchristelike hartstog vir die eie volk en vaderland te vervul wat gelei het tot verowerings, oorloë en moord op miljoene.

## Lis

"As blankes en by name as Afrikaners moet ons vir hierdie lis van die duiwel in die besonder op ons hoede wees."

Hoewel nie die behoud van 'n blanke ras nie, maar van die Christelike beskawing vir die vroeë Afrikaners die oorweging was, kan nie ontken word nie dat mettertyd die gedagte posgevat het dat die blanke as blanke meer-



DAVID KRAMER

derwaardig teenoor die nie-blanke is.

"Hierdie gedagte moet met mag en mening beveg word, aangesien dit wesenlik satanies is."

(Uit *Die Antichris, die Duiwel, sy Werke en Trawante*: M. T. S. Zeeman, NG Kerk...